# KYK HY KOM

## *MEER OOR HIERDIE BOEKIE*

Daar is 'n menigte van verskillende kerkorganisasies in die wêreld, en hulle maak aanspraak dat hulle in die Bybel glo en dit verkondig. Almal het verskillende leerstellings, en almal van hulle verkondig mensgemaakte tradisies.

Die Wêreldraad van Kerke en ander kerkorganisasies is nou al jare lank besig om al die kerke te verenig op grond van gemeenskaplike oortuigings. Tot op hede was hierdie poging nog nie heeltemal suksesvol nie.

Hierdie boekie verskaf die noodsaaklike onderwerpe van die Bybel wat nodig is vir Christelike bestaan. Dit bevat ook 'n studie van die profesieë van toekomstige gebeure. Die profesie van Openbaring 13:11-18 vertel ons dat die Verenigde State van Amerika sal verrys as 'n nasie van vryheid—'n nasie mense, deur die mense, en vir die mense—'n kerk sonder 'n pous en 'n regering sonder 'n koning. Maar, helaas! Dit praat soos 'n draak. Deur Spiritisme en valse leerstellings sal die mense bedrieg word om 'n leuen te glo, soos dat God die Sabbat verander het van Saterdag, die sewende dag van die week, na Sondag, die eerste dag van die week. Hulle sal eis dat die Kongres die grondwet van die Verenigde State van Amerika moet verander. Sondagwette sal ingestel word. Die straf sal aanvanklik eers boetes wees, dan tronkstraf, en uiteindelik die doodstraf. Die Bybel noem dit die MERK VAN DIE DIER. Elke land op hierdie aarde sal dieselfde wette maak.

Die krisis van die eeue is vinnig op pad, en sal net soos 'n dief in die middernag, die wêreld onverhoeds betrap. Die hele wêreld sal in net TWEE KLASSE verdeel wees—Sabbathouers en Sondaghouers.

Geagte leser, hierdie klein boekie word aan u gebied om u te help om die regte besluite in hierdie lewe te neem, sodat u voorbereid kan wees vir die ewige lewe, wat die spoedige wederkoms van ons Here Jesus Christus voorafgaan.

## *DIE WAARDE VAN BYBEL-STUDIE*

Die Bybel bevat op sigself bewyse van sy goddelike oorsprong. Geen ander boek kan die vrae van die verstand beantwoord; of die verlange van die hart bevredig soos die Bybel nie. Dit is aanpasbaar by elke ouderdom en omstandigheid in die lewe. Dit is vol van daardie kennis wat die verstand verlig en die siel heilig.

In die Bybel het ons 'n openbaring van die lewende God. In geloof ontvang, het dit krag om die lewe te verander. Deur sy ganse bestaan het God sy bewarende hand daaroor uitgestrek.

Sodoende het die Woord van God behoue gebly, voorbereidend vir die verklaring van die eindtyd evangelieboodskap aan die mensdom, die einde van sonde, en die koms van God in Sy heerlikheid. "En hierdie evangelie sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom." Mattheüs 24:14.

As 'n riglyn, is die Bybel sonder 'n weerga. Dit gee ons 'n kalm gemoed, en 'n vaste hoop op die toekoms. Dit los die groot probleme van die lewe en die toekoms op en besiel ons om 'n lewe van suiwerheid, geduld en goeie werke te leef. Dit vul die hart met liefde vir God en 'n begeerte om aan ander goed te doen, en sodoende voor te berei vir bruikbaarheid hier en vir 'n woning in die hemel. Dit leer die waarde van 'n siel deur die openbaring van die prys wat betaal is om dit te verlos. Dit maak die enigste teenmiddel vir die sonde bekend, en voorsien die enigste perfekte kode vir moraliteit nog ooit gegee. Dit vertel van die toekoms en die voorbereiding nodig om dit te ontmoet. Dit maak ons dapper vir dit wat reg is, en onderhou die siel in teenspoed en beproewing.

**Waarvoor is die hele Skrif nuttig?**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid." 2 Timotheüs 3:16

**Waarom het God die Skrif vir ons gegee?**

"Sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." 2 Tim 3:17.

**Deur wie is die mense gelei wat namens God gespreek het?**

"Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." 2 Petrus 1:21.

**Met watter doel is die Skrif geskrywe?**

"Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê:" Romeine 15:4.

**Wat het Christus gesê aangaande die studie van die Skrifte?**

"Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig." Johannes 5:39.

**Hoe standvastig is die geloof van die groot Jesaja in God se woorde?**

"Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid." Jesaja 40:8.

**Watter groot seën het Christus aan Sy dissipels gegee na Sy opstanding?**

"Toe open Hy hulle verstand om die skrifte te verstaan." Lukas 24:45.



**"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien."**

Openb 1:7

## *KRAG IN GOD SE WOORD*

**Hoe het Christus diegene berispe wat, alhoewel hulle bekend was met die Skrifte, in gebreke gebly het om dit te verstaan?**

"Toe antwoord Jesus en sê vir hulle: Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie." Mattheüs 22:29.

**Wie is volgens Jesus geseënd?**

"En Hy sê, Ja, maar salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar". Lukas 11:28

**Watter soort aanbidding ontstaan deur valse onderrig?**

"Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is." Mattheüs 15:9.

**Deur watter leerstellings sal sommige in die laaste dae mislei word?**

"Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang." 1 Timotheüs 4:1. Sien 2 Petrus 2:1.

**Op watter wyse sal die mense gehoor gee aan valsleerstellings?**

"Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels." 2 Timotheüs 4:3-4.

**Hoe kan ons die waarheid van enige leerstelling vasstel?**

"Beproef all dinge; behou die goeie." 1 Thessalonicense 5:21.

**Wat kan die Skrifte doen vir iemand wat dit glo?**

"En dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus." 2 Timotheüs 3:15.

**Waardeur kan ons geheilig word?**

"Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid." Johannes 17:17.

**Wie is die dissipels van Jesus, en watter goeie werk doen die waarheid vir diegene wat dit ontvang?**

"As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak." Johannes 8:31-32.

**Wat is die aard van die Woord van God?**

"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart." Hebreërs 4:12.

**Waardeur word gelowiges rein gemaak?**

"Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het." Johannes 15:3.

**Hoe sal 'n jong man sy pad suiwer hou?**

"Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord." Psalm 119:9.

## *BELANGRIKHEID VAN GEBED*

**Hoe Word God Aangespreek Deur Die Psalmis?**

"O Hoorder van die gebed, tot U moet alle vlees kom!" Psalm 65:3.

**Op Watter Voorwaardes Word Aan Ons Nodige Seëninge Belowe?**

"Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word." Mattheüs 7:7-8.

Nota—Gebed is die oopmaak van die hart aan God soos na 'n vriend. God word nie deur gebed verander nie; maar dit verander ons en ons verhouding tot God. Dit plaas ons in die kanaal van seëninge, en in hierdie raamwerk van gedagtes waarin God konsekwent en veilig ons versoeke kan beantwoord.

**Onder Watter Omstandighede Sê Die Psalmis Sal Die Here Nie Ons Gebed Verhoor Nie?**

"As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie." Psalm 66:18. Sien ook Jesaja 59:1-2; Jakobus 4:3.

**Wie Se Gebede Sê Salomo Is 'n Gruwel?**

"Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel." Spreuke 28:9.

**Vir Wie Het Christus Ons Geleer Om Voor Te Bid?**

"Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg." Mattheüs 5:44.

**Hoe Kan Ons Versoeking Ontsnap?**

"Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak." Mattheüs 26:41.

**Hoe Moet Ons Vra As Ons Wil Ontvang?**

"Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want die mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie." Jakobus 1:6-7. Sien Markus 11:24.

Nota- Gebed is die sleutel in die hand van geloof om die hemelse skathuis oop te sluit, waar onbeperkte hulpbronne van Almag opgesluit is.

**Waarna Word Ons Vermaan Om Te Doen?**

"En die einde van alle dinge is naby; wees dan ingetoë en nugter, om te kan bid." 1 Petrus 4:7.

**Hoe Aanhoudend Behoort Ons Te Bid?**

"Bid sonder ophou." 2 Thessalonicense 5:17.; "Volhard in die gebed." Romeine 12:12.

## *SKEPPING EN SKEPPER*

**Wie Het Die Hemele En Die Aarde Geskape?**

"In die begin het God die hemel en die aarde geskape." Genesis 1:1.

**Deur Watter Middele Het God Die Hemele En Die Aarde Tot Stand Gebring?**

"Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër. Want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan." Psalm 33:6-9.

**Deur Wie Het God Al Hierdie Dinge Geskape?**

"Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte —alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape." Kolossense 1:16. Sien Hebreërs 1:1-2.

**Wat Was God Se Doel In Die Skepping Van Die Aarde?**

"Want so sê die Here, wat die hemele geskape het — Hy is God! — wat die aarde geformeer en dit gemaak het — Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word." Jesaja 45:18.

**Hoe Het God Bewoners Voorsien Vir Die Wêreld Wat Hy Gemaak Het?**

"En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword." Genesis 2:7.

**In Wie Se Beeld Is Die Mens Gemaak?**

"En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape." Genesis 1:27.

**Alle Dinge Is Deur Christus Geskape.**

"Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees." Kolossense 1:16-18.

**Watter Skrif Vermeld Dit Eenvoudig Dat Dit Kreatiewe Krag Is Wat Die Gelowige Transformeer?**

"Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel." Efésiërs 2:10.

## *DIE OORSPRONG VAN SONDE*

**Hoe Is Die Konflik Tussen Christus En Satan Beskryf?**

"En daar het oorlog in die hemel gekom: Migael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met Hom neergewerp." Openbaring 12:7-9.

Nota—Hierdie konflik het in die hemel ontstaan en duur voort op die aarde.

**Deur Wie Het Die Sonde Ontstaan?**

"Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af." 1 Johannes 3:8.

**Van Watter Tydperk Af Was Die Duiwel 'n Moordenaar Gewees?**

"Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie." Johannes 8:44.

**Was Satan Altyd Sondig Gewees?**

"Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is." Eségiël 28:15.

Die stelling in Johannes 8:44 dat hy "staan nie in die waarheid nie," bewys dat Satan eens perfek was, en in die waarheid. Petrus praat van "die engele wat gesondig het" (Sien 2 Petrus 2:4); en Judas verwys na "die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie." Judas 6. Hierdie engele was eens in 'n staat van sondeloosheid.

**Watter Verdere Verklaring Van Christus Plaas Die Aanspreeklikheid Vir Die Oorsprong Van Sonde Op Satan En Sy Engele Te Lê?**

"Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, en die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele." Mattheüs 25:41.

## *SATAN EN CHRISTUS IN KONTRAS*

**Wat Het Gelei Tot Satan Se Sonde, Rebellie, En Ondergang?**

"Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans." Eségiël 28:17. "En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!" Jesaja 14:13-14.

**Waarom Is Ellende Dieselfde Tyd Aan Die Wêreld Aangekondig?**

"Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het." Openbaring 12:12. "Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val." Lukas 10:18.

## *DIE VAL VAN DIE MENS*

**Wanneer Het Sonde En Dood Die Wêreld Ingekom?**

"Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêeld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat

almal gesondig het." Romein 5:12.

**Met Watter Woorde Het God Kain Veroordeel As 'n Sondaar?**

"Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie — die sonde lê en loer voor die deur….En Hy (God) sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af. Daarom sal jy vervloek wees." Genesis 4:7-11.

**Watter Bykomende Vloek Het Gekom As Gevolg Van Die Eerste Moord?**

"Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; 'n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde." Genesis 4:11-12.

**Hoe Was Die Aarde Self En Sy Plantegroei Geaffekteer Deur Adam Se Sonde?**

"Vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou l ewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet." Genesis 3:17-18.

**Wat Is Die Verdienste Van Sonde?**

"Want die loon van die sonde is die dood." Romeine 6:23. "Want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." Genesis 2:17. "Die siel wat sondig, dié moet sterwe." Eségiël 18:4.

**Wat Is Die Verklaring Van Sonde?**

"Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid." 1 Johannes 3:4.

**Wat Gebeur Voor Die Openbaring Van Sonde?**

"Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort." Jakobus 1:15. "Alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde." Romeine 14:23.

Nota—Ons sondig of verontagsaam God wanneer ons nie vertroue of geloof in Hom het nie.

## *DIE GEVOLGE VAN SONDE*

**Wat Is Die Finale Gevolge, Of Vrugte Van Die Sonde?**

"En as sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort." Jakobus 1:15.

**Hoe Kan Mens Hierdie Straf Vryspring?**

"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, ons Here." Romeine 6:23.

## *DIE BEHOEFTE VAN 'N VERLOSSER*

**Aan Wie Is Hierdie Geskenk Gegee?**

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Johannes 3:16.

**Hoe Is Die Geskenk Ontvang?**

"Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie." Johannes 3:18. "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo." Johannes 1:12.

## *WAT IS SONDE?*

**Hoe Beskryf Die Bybel Dit?**

"Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid. En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie." 1 Johannes 3:4, 5.

**Wat Is Die Gevolge Van Moedswillige Sonde?**

"Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer, hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?" Hebreërs 10:26, 27-29.

## *DIE WET VAN GOD*

**Hoe Het God Sy Wet Aan Sy Mense Verkondig?**

"En die Here het met julle uit die vuur gespreek; julle het 'n stem van woorde gehoor, maar geen verskyning gesien nie — net 'n stem was daar. Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe." Deuteronómium 4:12-13. Sien ook Nehemia 9:13-14. Vir die Tien Gebooie sien Exodus 20:1-17.

**Hoe Omvattend Is Hierdie Gebooie?**

"Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense." Prediker 12:13.

**Wat Is Die Aard Van God Se Wet?**

""Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed….Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde." Romeine 7:12,14.

**Wat Wys Daarop Dat Die Tien Gebooie, Gespreek En Geskryf By Berg Sinai, Die Wet Van Vryheid Vir Die Christen Is?**

"Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword, want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word." Jakobus 2:10-12.

**Kan 'n Mens God Ken, En Nie Sy Gebooie Onderhou Nie?**

"Hy wat sê: Ek ken Hom — en sy gebooie nie bewaar nie — is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie." 1 Johannes 2:4.

**En Hoe Mag Ons Weet Dat Ons Die Broeders Liefhet?**

"Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar." 1 Johannes 5:2.

**Wat is die Liefde van God?**

"Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie." Vers 3.

**Hoe Het Christus Teenoor Sy Vader Se Gebooie Opgetree?**

"Net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar het en in sy liefde bly." Johannes 15:10.

**As Iemand Bely Om In Christus Te Bly, Hoe Behoort Hy Te Wandel?**

"Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het." 1 Johannes 2:6.

**Wat Het Jesus Gesê Van Sy Houding Teenoor Die Wet?**

"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul." Mattheüs 5:17.

**Wat Het Hy Geleer Aangaande Die Standvastigheid Van Die Wet?**

"Want voorwaar Ek sê vir julle voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie." Vers 18.

**Hoe Presies Is God Aangaande Christelike gedrag?**

"Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword." Jakobus 2:10.

## *DIE WET EN DIE EVANGELIE*

**Wat Is Die Doel Van Die Wet?**

"Aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde." Romeine 3:20.

**Wat Is Die Evangelie Verklaar Om Te Wees? Of Eerder Presies Wat Is Die Wet?**

"Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek." Romeine 1:16.

**Wat Het Christus Van Die Nuwe Verbond Beloof?**

"Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond…. Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees." Hebreërs 8:6,10.

**Waarom Is Die Vleeslike Verstand In Vyandskap Teen God?**

"Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie." Romeine 8:7.

**Kan Die Mens In Eie Krag, Sonder Christus Se Hulp Die Wet Onderhou?**

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie." Johannes 15:5. Sien Romeine 7:14-19.

**Wie Het Hy Gesê Sou Die Koninkryk Van Die Hemel Binnegaan?**

"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is." Mattheüs 7:21.

**Hoe Sal Die Mens Beoordeel Word Met Betrekking Tot God Se Gebooie?**

"Elkeen dus wat een vir die minste van hierdie gebooie breek en die mense so leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Mattheus 5:19

**Word Daar Van Die Gelowige Verwag Om Hierna Te Sondig?**

"Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog

daarin lewe?" Romeine 6:1-2.

**Watter Skriftuur Sny Alle Hoop Van Regverdiging Deur Werke Af?**

"Aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde." Romeine 3:20.

**Op Watter Manier Is Alle Gelowiges In Jesus Geregverdig?**

"En hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is." Vers 24.

**Watter Geestelike Verklaring Het Christus Gegee Aan Die Sesde En Sewende Gebooie?**

"Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg." Mattheüs 5:21-22. "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het." Verse 27-28.

## *LYDE VAN CHRISTUS*

Wat Het Die Profeet Gesê Sou Christus Moes Verduur?

"Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote — wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom. Jesaja 53:7-8.

Het Christus Vooraf Geweet Van Die Behandeling Wat Hy Sou Ontvang?

"En Hy het die twaalf by Hom geneem en vir hulle gesê: Kyk, ons gaan op na Jerusalem, en alles wat deur die profete geskrywe is, sal aan die Seun van die mens vervul word. Want Hy sal oorgelewer word aan die heidene en bespot en mishandel word, en op Hom sal gespuug word; en nadat hulle Hom gegesel het, sal hulle Hom doodmaak; en op die derde dag sal Hy opstaan." Lukas 18:31-33.

Watter Skandelike Behandeling Het Christus Van Die Soldate Ontvang?

"En hulle vleg 'n kroon van dorings en sit dit op sy hoof, en 'n riet in sy reterhand; en hulle val op hul knieë voor Hom en bespot Hom en sê: Wees gegroet, Koning van die Jode! En hulle spuug op Hom en neem die riet en slaan Hom op sy hoof." Mattheüs 27:29-30.

**Nadat Hy Na Die Plek Van Kruisiging Gebring Is, Watter Drank Het Hulle Christus Aangebied Om Hom Te Bedwelm?**

"En vir Hom asyn, met gal gemeng, gegee om te drink; en toe Hy dit proe, wou Hy nie drink nie. Vers 34.

**In Watter Gebed vir Diegene Wat Hom Gekruisig Het, Het Christus Die Ware Gees Van Die Evangelie geopenbaar—Liefde vir Sondaars?**

"En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Lukas 23:34.

**Met Watter Woorde Het Die Owerpriesters En Andere Jesus Op Die Kruis Gespot?**

"En so het ook die owerpriesters saam met die skrifgeleerdes en ourderlinge gespot en gesê: Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo." Mattheüs 27:41-42.

**Wat Het Hierdie Vreeslike Toneel Afgesluit?**

"En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee." Johannes 19:30.

## *DIE OPSTANDING VAN CHRISTUS*

"Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood." Openbaring 1:18.

Na Sy Opstanding, Watter Effek Het Hierdie Voorspelling Op Sy Dissipels Gehad?

"En toe Hy opgestaan het uit die dode, het sy dissipels onthou dat Hy dit vir hulle gesê het; en hulle het die Skrif geglo en die woord wat Jesus gespreek het. Johannes 2:22. "Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte.: 1 Korinthiërs 15:3-4. "En dat Hy aan Céfas verskyn het; daarna aan die twaalf. Daarna het Hy verskyn aan oor die vyfhonderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het. Daarna het Hy verskyn aan Jakobus; daarna aan al die apostels." 1 Korinthiërs 15:5-7.

## *REGVERDIGMAKING DEUR GELOOF*

**Hoe Maak God Die Mens Regverdig?**

"Sodat ons, regverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe." Titus 3:7.

**Wat Is Die Middele Waardeur Hierdie Regverdige Genade Beskikbaar Gemaak Word Vir Die Sondaar?**

"Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn." Romeine 5:9.

**Hoe Kan Regverdigmaking Verkry Word?**

"Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet." Romeine 3:28.

**Wat Is Die Enigste Manier Waardeur Sondaars Geregverdig Word?**

"Terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie." Galásiërs 2:16.

**Op Watter Grondslag Is Daar Geen Moontlikheid Van Regverdiging Vir Die Sondaar Nie?**

"Aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde." Romeine 3:20.

**Hoe Baar Die Dood Van Christus Getuienis Hiervan?**

"Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe." Galásiërs 2:21.

**Wat Is Bewyse Deur Enige Poging Om Geregverdig Te Wees Deur Die Wet?**

"Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval." Galásiërs 5:4.

**Waarom Het Israel Gevaal Om Geregtigheid Te Verkry?**

"Terwyl Israel, wat die wet van die geregtigheid nagejaag het, die wet van die geregtigheid nie bereik het nie. Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die wet was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot." Romeine 9:31-32.

**Wat Word Deur Die Wet Blootgelê?**

"Deur die wet is die kennis van sonde." Romeine 3:20.

**Wat Getuig Van Die Egtheid Van Die Geregtigheid Verkry Deur Geloof, Ongeag Die Dade Van Die Wet?**

"Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig." Vers 21.

**Hoe Noodsaaklik Is Geloof?**

"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag." Hebreërs 11:6.

**Watter Skriftuur Toon aan Dat Die Geregtigheid Wat Deur Genade Ontvang Word Nie As Verskoning Gebruik Moet Word Vir Die Voortsetting Van Sonde Nie?**

"Want ons sal dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" Romeine 6:1-2.

**Maak Geloof Die Wet Tot Niet?**

"Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet." Romeine 3:31.

## *BEKERING*

**Wie Is Geroep Tot Bekering?**

"Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering." Lukas 5:32.

**Hoeveel Is Sondaars?**

"Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is." Romeine 3:9.

**Wat Is Toepaslike Navrae Vir Die Wat Oortuig Is Van Sonde?**

"Wat moet ons doen broeders?" "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" Handelinge 2:37; 16:30.

**Watter Antwoord Gee Inspirasie Oor Hierdie Navrae?**

"Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes." "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word." Handelinge 2:38; 16:31.

**Wat Is Die Gevolg Van Goddelike Droefheid?**

"Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding." 2 Korinthiërs 7:10.

**Wat Het Johannes Die Doper Aan Die Fariseërs En Sadduseërs Gesê Toe Hulle Na Sy Doop Gekom Het?**

"Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is?" Mattheüs 3:7.

**Wat Het Hy Aan Hulle Vertel Om Te Doen?**

"Dra dan vrugte wat by die bekering pas." Vers 8.

## *BELYDENIS EN VERGIFNES*

**Watter Belofte Word Aan Diegene Gemaak Wat Hulle Sondes Bely?**

"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." 1 Johannes 1:9.

**Watter Verskillende Resultate Gee Die Bedekking En Die Belydenis Van Sondes?**

"Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind." Spreuke 28:13.

**Wat Is God Gereed Om Vir Almal Te Doen Wie Vergifnes Soek?**

"Want U, o Here, is goed en vergewensgesind en groot van goedertierenheid vir almal wat U aanroep." Psalms 86:5.

**Waarop Het Dawid Se Hoop Van Vergifnis Gerus?**

"Wees my genadig, o God, na u goedertierheid: delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid." Psalms 51:3.

**Toe Dawid Sy Sonde Bely Het, Wat Het Hy Gesê Het God Gedoen?**

"My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die Here my oortredinge bely: en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe." Psalms 32:5.

**Watter Vermaning Berus Op Die Feit Dat God Ons Vergewe Het?**

"Maar wees vriendelik en vol ontferming tenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het." Efésiërs 4:32.

**Deur Wie Word Bekering En Vergifnis Toegestaan?**

"Die God van ons vaders het Jesus opgewek, wat julle omgebring het deur Hom aan 'n kruishout te hang. Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk." Handelinge 5:30-31.

## *DIE HEILIGE GEES EN SY WERK*

**Watter Kosbare Belofte Het Jesus Aan Sy Dissipels Gemaak Kort Voor Sy Kruisiging?**

"En ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid." Johannes 14:16.

**Hoekom Moes Christus Weggaan?**

"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur." Johannes 16:7.

**Wie Was Die Trooster, En Wat Moes Hy Doen?**

"Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." Johannes 14:26.

**Wat Meer Moes Die Trooster Doen?**

"En as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel." Johannes 16:8.

**Watter Ander Titel Besit Die Trooster?**

"Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig." Johannes 15:26.

**Wat Het Jesus Gesê Sal Die Gees Van Die Waarheid Doen?**

"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig." Johannes 16:13.

**Watter Waarskuwing Is Daarom Gegee?**

"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing." Efésiërs 4:30.

**Is Daar 'n Beperking Op Die Wedyweringe Van God Se Gees?**

"Toe sê die Here: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie." Génesis 6:3.

**Waarvoor Het Dawid Gebid?**

"Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede." Psalms 51:11.

**Wie Het Die Profete Gedryf Om Hulle Boodskappe Te Gee?**

"Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." 2 Petrus 1:21.

**Wat Is Die Vrug Van Die Gees?**

"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Galásiërs 5:22.

**Volgens Watter Onderwerp Behoort Ons Ingelig Te Wees?**

"En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie." 1 Korinthiërs 12:1.

**Watter Gawes Word Gegee?**

"En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale." 1 Korinthiërs 12:28.

## *CHRISTELIKE DOOP*

**Watter Instelling Word Noukeurig Geassosieer Met Die Geloof In Die Evangelie?**

"En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word." Markus 16:15-16.

**Hoe Het Die Mense Gereageer Op Die Preek Van Johannes?**

"En Jerusalem en die hele Judéa en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe. En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes." Mattheus 3:5-6.

**Wat Het Die Apostel Petrus Geassosieer Met Doop In Sy Onderrig Op Die Dag Van Pinkster?**

"En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes." Handelinge 2:38.

**In Verband Met Die Christelike Doop, Wat Word Weggewas?**

"En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep." Handelinge 22:16. Sien Titus 3:5; 1 Petrus 3:21.

**Deur Watter Middele Word Sondes Weggewas?**

"Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed." Openbaring 1:5.

**Wanneer Gelowiges In Christus Gedoop Word, Waarmee Word Hulle Beklee?**

"Want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee." Galásiërs 3:27.

**In Watter Ondervinding Word Diegene Gedoop Wat Gedoop Is In Christus?**

"Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood, gedoop is nie?" Romein 6:3.

**Hoe Word So 'n Doop Beskryf?**

"Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel." Vers 4.

**Hoe Volkome Is Ons Dus Verenig Met Christus In Sy Ondervinding Van Die Dood En Opstanding?**

"Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur die aan sy opstanding." Vers 5.

**Watter Vrae Het Die Ethiopiër Gevra Nadat Filippus Oor Jesus Gepreek Het?**

"En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word?" Handelinge 8:36.

**Ten Einde Die Ethiopiër Te Doop, Waarheen Het Filippus Hom Geneem?**

"En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop." Vers 38.

**Aan Die Begin Van Sy Bediening, Watter Voorbeeld Het Jesus Gestel Wat Tot Voordeel Van Sy Navolgers Sal Wees?**

"Toe het Jesus van Galiléa na die Jordaan, na Johannes gekom om deur hom gedoop te word." Mattheus 3:13.

## *DIE GAWE VAN GEE*

**Wat Het Christus Gesê Oor Die Saligheid Om Te Gee?**

"Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang." Handeling 20:35.

**Watter Vas Is Die Mees Aanneemlikste Vir God?**

"Is dit nie die vas wat Ek verkies nie?……….. Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het en ellendiges,swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie?" Jesaja 58:6-7.

**Wat Is Een Manier Wat Ons Beveel Is, Om God Te Eer?**

"Vereer die Here uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste." Spreuke 3:9.

**Watter Gedeelte Van 'n Mens Se Inkomste Het Die Here Spesiaal As Sy Eie geëis?**

"Ook al die tiendes van die land, van die graan van die land, van die vrugte van die bome, behoort aan die Here; dit is heilig aan die Here. Levítikus 27:30.

**Vir Wie Se Ondersteuning En Vir Watter Werk Was Die Tiendes In Israel Toegewy?**

"En kyk, Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel

vir hulle dienswerk wat hulle verrig, die dienswerk van die tent van samekoms." Numeri 18:21.

**Waarvan Is Iemand Skuldig Wat Die Tiendes En Vrywillige Offergawes Weerhou?**

"Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe." Maleági 3:8.

**Met Betrekking Tot Die Tiende, Wat Vra Die Here Ons Om Aan Hom Te Bewys, En Op Watter Voorwaardes Beloof Hy Groot Seëninge?**

"Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie. Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die Here van die leërskare. Maleági 3:10-11.

**Met Watter Gees Moet Ons Gee?**

"Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief." 2 Korinthiërs 9:7.

**Wat Het Christus Gesê Aangaande Gee?**

"Dit is saliger om te gee as om te ontvang." Handelinge 20:35.

**Op Watter Basis Is Geskenke Aanvaarbaar?**

"Want as die bereidwilligheid daar is, is dit welgevallig volgens wat iemand besit, nie volgens wat hy nie besit nie." 2 Korinthiërs 8:12.

**Soos Christus Sy Dissipels Uitgestuur Het Om Te Preek, Die Siekes Te Genees, En Dooies Op Te Wek, Wat Het Hy Aan Hulle Gesê?**

"Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee." Mattheus 10:8.

## *GOEIE GESONDHEID*

**Wat Het die Apostel Johannes Aangaande Gajus Gewens?**

"Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan." 3 Johannes 2.

**Waarom Behoort Die Gesondheid Van Die Liggaam Bewaar Te Word?**

"Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort." 1 Korinthiërs 6:20.

**Wat Is Die Liggaam Gesê Veronderstel Om Te Wees?**

"Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het en dat julle nie aan julself behoort nie?" Vers 19.

**Watter Effek Het Vrolikheid Op Die Gesondheid?**

"'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog." Spreuke 17:22.

**Hoe Het Die Heiland Rus Voorsien Vir Sy Dissipels?**

"En Hy sê vir hulle: Kom julle self in die eensaamheid na 'n verlate plek en rus 'n bietjie. Markus 6:31.

**Hoe Is Ons Vermaan Om Ons Liggame Aan God Te Bied?**

"Ek vermaan julle.......dat julle jul liggaame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer." Romeine 12:1.

**Watter Hoë Voorneme Behoort Ons Lewensgewoontes Te Beheer?**

"Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God." 1 Korinthiërs 10:31.

**Watter Waarskuwing Word Gegee Om Ander In Onmatigheid Te Lei?**

"Wee hom wat aan sy naaste drank gee, wat jou gif daarmee meng, en hulle ook dronk maak om hulle naaktheid te aanskou." Hábakuk 2:15.

**Kan Dronkaards Die Koninkryk Binnegaan?**

"Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie." 1 Korinthiërs 6:9-10. Sien Openbaring 21:27.

**Wat Is Een Van Die Bose Gevolge Van Onmatigheid?**

"Wees nie onder die wynsuipers nie, onder die wat as vrate hulle hart ophaal. Want 'n drinker en 'n vraat sal arm word, en slaperigheid laat stukkende klere dra." Spreuke 23:20-21.

**Wat Mag Gesê Word Oor Die Gebruik Van Tabak?**

Omdat tabak 'n soort gif is, is dit hoogs skadelik.

Nota—"Tabak is die mees subtiele gif bekend aan aptekers, behalwe die dodelike blousuur." M. Orfila, 'n vorige president van die Paryse Mediese Akademie.

**Wat Was die Oorspronklike Voedsel Wat Aan Ons Gegee Is?**

"Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees." Génesis 1:29.

Nota—Met ander woorde, groente, graan, vrugte en neute.

**Toe God Israel Gekies Het Om Sy Volk Te Wees, Watter Soorte Vleis Is Skriftelik Uit Hulle Dieet Weggelaat?**

Daardie wat onrein was. Sien Levítikus 11 en Deuteronómium 14.

## *WAAR IS DIE DOOIES?*

**Hoe Stel Die Bybel Die Dood Voor?**

"Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie." 1 Thessalonicense 4:13. Sien ook 1 Korinthiërs 15:18, 20; Johannes 11:11-14. "En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak." Daniël 12:2. Sien Prediker 3:20; 9:10.

**Is Die Regverdige Dooies In Die Hemel Besig Om God Te Prys?**

"Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie." Handelinge 2:34. "Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die Here nie loof nie." Psalm 115:17.

**Weet Mens Van God Wanneer Jy Dood Is?**

"Want in die dood word aan U nie gedink nie: wie sal U loof in die doderyk?" Psalm 6:6.

**Wat Weet 'n Mens In Hierdie Toestand Omtrent Jou Familie?**

"Sy kinders kom in eer, maar hy word dit nie gewaar nie; en hulle word gering, maar hy let nie op hulle nie." Job 14:21.

**Wat Word Van Mens Se Gedagte By Die Dood?**

"Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan." Psalm 146:4.

**Weet Die Dooies Enigeiets?**

"Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie." Prediker 9:5.

**Neem Hulle Deel Aan Enige Wêreldse Dinge?**

"Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie." Vers 6.

**Wanneer Vind Die Opstanding Van Die Regverdiges Plaas?**

"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep; met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die besuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan." 1 Thessalonicense 4:16.

**Wat Kom Na Alle Mense Toe As Gevolg Van Die Val?**

"Soos hulle almal in Adam sterwe." 1 Korinthiërs 15:22. Sien Romeine 5:12.

**Hoeveel Doen Mens Nadat Jy Dood Is?**

"Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie." Prediker 9:10

**Wie Se Stem Wek Die Dooies Op?**

"Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling." Johannes 5:28-29.

**In Watter Woorde Word Die Laaste Oorwinning Oor Die Sonde En Die Graf Uitgedruk?**

"Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" 1 Korinthiërs 15:55.

**Na Wie Se Liggaam Sal Hierdie Opgewekte Mense Gevorm Wees?**

"Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp." Filippense 3:21.

## *DIE SABBAT INSTELLING*

**Wanneer En Deur Wie Is Die Sabbat Gemaak?**

"So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het." Génesis 2:1-2. "En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak. Génesis 2:3.

**Wat Is Die Rede Om Die Sabbatdag Heilig Te Hou?**

"Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig." Exodus 20:11.

Nota—Die Sabbat is die gedenkteken van die Skepping. God het dit so ontwerp dat deur Sabbatonderhouding ons Hom vir altyd sal onthou as die lewende God, die Skepper van alle dinge.

**Watter Dag Is Die Sabbat?**

"Maar die sewende dag is die sabbat." Exodues 20:10.

**Was Die Sabbat Bedoel As 'n Dag Van Openbare Aanbidding?**

"Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag." Levítikus 23:3.

Nota—'n Konvokasie is 'n vergadering van mense.

**Van Wat Anders Het God Gesê Het Hy Die Sabbat Aan Sy Mense Gegee Om 'n Teken Te Wees, Of Om Ons Te Herinner?**

"Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die Here, is wat hulle heilig." Eségiël 20:12.

**Hoe Dikwels Sal Die Verlostes Vergader Om Die Here Te Aanbid?**

"Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die Here so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die Here." Jesaja 66:22-23.

**Wanneer, Volgens Die Bybel, Begin Die Sabbat?**

'En dit was aand en dit was môre, die eerste dag……….En dit was aand en dit was môre, die tweede dag" ens. Sien Génesis 1:5,8,13,19, 23, 31. "Van aand tot aand, moet julle jul sabbat hou." Levítikus 23:32. Sien Markus 1:32.

**Het Christus, Terwyl Hy Op Die Aarde Was, Die Sabbat Gehou?**

"En soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees." Lukas 4:16.

**Alhoewel Die Here, Skepper, En 'n Onderhouer Van Die Sabbat Was, Hoe Was Hy Dopgehou En Op Gespioneer Op Hierdie Dag?**

"En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het Hom in die oog gehou, of Hy op die sabbat gesond maak, sodat hulle 'n aanklag teen Hom kon vind." Lukas 6:7.

**Hoe Het Christus Hulle Valse Idees Van Sabbatonderhouding Beantwoord?**

"Toe sê Jesus vir hulle:……..wat is geoorloof op die sabbat—om goed te doen of kwaad te doen; om 'n lewe te red of om te bring?" Vers 9.

## *DIE DAG VAN DIE HERE*

**Op Watter Dag Het Johannes Gesê Was Hy In Die Gees?**

"Ek was in die Gees op die dag van die Here," Openbaring 1:10.

**Watter Dag Sê Die Tien Gebooie Is Die Dag Van Die Here?**

"Maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God." Exodus 20:10.

**Wat Noem Die Profeet Jesaja, Wat Namens God Praat, Die Sewende-dag Sabbat?**

"My heilige dag." Jesaja 58:13.

**Op Watter Dag Moes Johannes In Die Gees Gewees Het?**

Op die sewende, as hy na enige dag van die week verwys.

Nota—Geen ander dag van die week in die Bybel word deur God verklaar as Sy dag nie.

**Het Christus Die Sabbat Gehou?**

"Soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees." Lukas 4:16. "Net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly." Johannes 15:10.

**Het Christus Se Navolgers Die Sabbat Gehou Na Sy Dood?**

"Daarop het hulle teruggegaan en speserye en salf berei en op die sabbat gerus volgens die gebod." Lukas 23:56. "Sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer." Johannes 5:23. "Ek en die Vader is een." Johannes 10:30.

Nota—Almal in hierdie geval beteken "mensdom".

**Waarvan Het Christus Gesê Is Die Seun Van Die Mens Here?**

"Want die Seun van die mens is Here ook van die sabbat." Mattheus 12:8. Sien Markus 2:28.

**Wie Het Die Sabbat Gemaak?**

"Alle dinge het deur Hom ontstaan. (Christus, die Woord)." Johannes 1:3.

**Watter Dag Volg Onmiddellik Voor Die Eerste Dag Van Die Week?**

:En laat na die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week." Matthéüs 28:1.

Nota—Daarom, volgens die Nuwe Testament, was die Sabbat verby toe die eerste dag van die week begin het.

**"Volgens die Gebod", Watter Dag Van Die Week Is Die Sabbat?**

"Maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God.: Exodus 20:10.

Nota—Dit is daarom duidelik, dat die Sabbat van die Nuwe Testament is ook dieselfde as die Sabbat van die Ou Testament, en dat daar niks in die Nuwe Testament is, wat die sewende-dag Sabbat eenkant toe skyf en die eerste dag van die week in sy plek sit nie.

**In Teenstelling Met Die Aanbidders Van Die Dier, Hoe Word Die Aanbidders Van God Beskryf?**

"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." Openbaring 14:12.

## *DIE VERANDERING VAN DIE SABBAT*

**Hoe Het Sondag Aanbidding Ontstaan?**

Baie glo dat Christus die Sabbat verander het, maar, deur Sy eie woorde, sien ons dat Hy nie vir hierdie doel gekom het nie. Die aanspreeklikheid vir hierdie verandering moet daarom elders gesoek word.

**In Sy Mees Beroemde Preek, Wat Het Christus Gesê Van Die Wet?**

"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie, Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Mattheus 5:17. "Voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Vers 18.

**Wat Het God, Deur Die Profeet Daniël, Gesê Sou Hierdie Mag Wat Deur die "Klein Horintjie" Verteenwoordig Word, Dink om te Doen?**

"En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd." Daniël 7:25.

**Watter Mag Beweer Dat Hy Die Outoritheit Het Om God Se Wette Te Verander?**

Die Pousdom.

Nota—" Die pous is van so groot outoritiet en mag dat hy kan verander, verduidelik, of selfs goddelike wette interpreteer…. Die pous kan goddelike wette verander, aangesien sy krag nie van die mens is nie, maar van God, en hy tree op as verteenwoordiger van God op aarde." Vertaal uit Lucius Ferraris, Prompta Bibliotheca (Ready Library), "Papa," art, 2.

Die vierde gebod.

"Dit (die Rooms-katolieke Kerk) het die Vierde Gebod verander deur weg te doen met die Sabbat van God se Woord, en het Sondag as 'n heilige dag ingestel" —N. Summerbell, History of the Christian Chruch (1873), bl. 415.

"Die Sondag, as 'n dag van die week was afgesonder vir verpligte publieke aanbidding van die Almagtige God, om geheilig te wees deur 'n opskorting van werk verrig deur diensknegte; handel, en wêreldse beroepe, en deur beoefening van toewyding. Sondag is suiwer 'n skepping van die Katolieke Kerk." The American Catholic Quaterly Review, January, 1883, pp. 152,139.

"As Protestante die Bybel sou volg, behoort hulle God te aanbid op die Sabbat Dag. Deur Sondag te onderhou volg hulle die wet van die Katolieke Kerk na." Albert Smith, Chancellor of the Archdiocese of Baltimore replying for the Cardinal in a letter of Feb 10, 1920.

**Watter Soort leringe Het Die Mens Vervang Vir Die Woorde van die Lewe?**

"Maar tevergefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. …….. En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou. Markus 7:7-9.

"Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hom na, en as Baal dit is, volg hom na! 1 Konings 18:21

## GOD SE LAASTE BOODSKAP AAN 'N SONDIGE WÊRELD

Jesus het gesê: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom." Mattheus 24:14.

Leser, in hierdie klein boekie het u 'n heldere skets van die evangelie van Jesus Christus, soos gegee in die Heilige Bybel, sonder tradisies of wysbegeerte van mense.

"En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." Openbaring 14:7.

God se oordeel het in die hemel begin in die jaar 1844. Dit het begin met die dooies. Die dooies is nie in hemel nie, hulle slaap in die grafte, en wag vir die opstandingsdag, "Sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik." Daniël 12:2.

Binnekort, ons weet nie wanneer nie, sal die oordeel begin vir die lewendes.

"Aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." Openbaring 14:7

Geen mens, pous, priester, of predikant kan sondes vergewe nie. Geen mens mag aanbid word nie. Jesus het aan hom gesê, "Gaan weg, Satan! Want daar is geskrywe: Die Here jou

God moet jy aanbid en Hom alleen dien." Mattheus 4:10

Maria, die moeder van Jesus is in haar graf. Sy kan geeneen help nie. Jesus het gesê, "Ek en die Vader is een. Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig. Jesus antwoord hulle: Baie goeie werke het Ek julle getoon van my Vader. Oor watter een van dié werke stenig julle My? Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat 'n mens is, Uself God maak." Johannes 10:30-33.

"Ek ken jou werke en verdrukking en armoede — maar jy is ryk — en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is (God se ware mense) en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan." Openbaring 2:9.

"En hy het vir my gesê:........want die tyd is naby. Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word;... "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My,om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees... "Maar buite is die honde en die towenaars, en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen." Openbaring 22:10-12,15.

"En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon die groot stad." Openbaring 14:8.

## *WIE IS BABILON?*

Die boek van Openbing neem name en plekke en gebeure van letterlike dinge in die Ou Testament en gebruik hierdie name en gebeure in 'n simboliese manier in die Nuwe Testament. In Openbaring word Babilon gebruik om die gevalle kerke te beskryf. "Omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery." Openbaring 14:8.

Bélsasar het God in 'n drinkende rusie getart: "Hulle het wyn gedrink en die gode van goud en silwer, koper, yster, hout en klip geprys." Daniël 5:4.

"Babel was in die hand van die Here 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword." Jeremia 51:7.

BABILON IS 'N SIMBOOL VAN VALSE GODSDIENS, EN DIE WYN IS 'N SIMBOOL VAN HAAR LEERSTELLINGS.

"En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit: (Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale. Openbaring 17:15) met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery...

"En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery:

"En op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: VERBORGENHEID, DIE GROOT BABILON, DIE MOEDER VAN DIE HOERE EN VAN DIE GRUWELS VAN DIE AARDE.

"En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien." Openbaring 17:1-6.

'N VROU in profesie is 'n simbool van die kerk, beide die goeie kerk en die afvallige kerk. Die slegte vrou (valse kerk) word 'n hoer genoem. Sien Openbaring 17:1. Die goeie vrou (ware kerk) word 'n maagd genoem. Sien Openbaring 14:4. Die slegte vrou pleeg ontug met die konings van die aarde. Sien Openbaring 17:2. Die goeie vrou is getroud met Christus. Sien 2 Korinthiërs 11:2.

Die slegte vrou is geklee in pers en skarlakenrooi, en gedek met goud en kosbare stene. Sien Openbaring 17:4. Die goeie vrou is geklee in fyn linne, skoon en wit. Sien Openbaring 19:8.

Die slegte vrou leer tradisies, die vuilheid van haar hoerery. Sien Openbaring 17:4. Die goeie vrou leer God se Heilige Woord. Sien Openbaring 14:5.

Die slegte vrou veroorsaak dat die wêreld geforseer word deur wet om mensgemaakte godsdienstige wette te gehoorsaam. Sien Openbaring 13:15 Die goeie vrou onderhou die gebooie van God. Sien Openbaring 14:12.

Die slegte vrou sal deur God vernietig word. Openbaring 19:20. Die goeie vrou sal saam met God op die see van glas staan. Sien Openbaring 15:2.

"Ek het 'n ander engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.

"En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls.

"Omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid."

"En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie." Openbaring 18:1-4. Om uit Babilon uit te kom, beteken om uit die valse kerke te kom.

"En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid." Openbaring 14:9.

## *WIE IS DIE DIER?*

Die profeet Daniel het visioene en drome gehad, en hy het "Vier groot diere gesien wat opkom uit die see, die een verskillend van die ander.

"Die eerste was soos 'n leeu. Daniël 7:3-4.

BABILON, het die wêreld regeer vanaf 606 tot 539 voor Christus.

"En kyk, 'n ander dier, 'n tweede, het gelyk soos 'n beer, en is aan die een kant opgerig." Daniël 7:5.

Die een kant was sterker as die ander. Die MEDE EN PERSE, het die wêreld regeer van af 539 tot 331 voor Christus. Die Perse was sterker, hulle het laaste opgekom.

"Kyk, daar was 'n ander een soos 'n luiperd." Daniël 7:6. Die GRIEKE het die wêreld regeer vanaf 331 tot 168 voor Christus.

"Kyk daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend...en dit het groot ystertande gehad: dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad." Daniël 7:7. ROME regeer die wêreld vanaf 168 voor Christus tot 538 na Christus.

"So het hy geê: Die vierde dier — die vierde koninkryk sal op die aarde wees." Daniël 7;23.

Die Roomse Ryk was verdeel in tien koninkryke tussen 351 en 476 na Christus.

"Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar 'n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel; en kyk, in hierdie horing was oë soos mensoë, en 'n mond wat groot dinge spreek." Daniël 7:8.

Hierdie klein horinkie is die dier van Openbaring 14:9. DIE POUSDOM?

Voor die Pouslike Kerk ten volle beheer van die staat kon verkry het, moes sy wegdoen met drie van die tien klein horings, Heruli, Vandale en Oosgote

Hierdie Ariaanse koninkryke was heeltemal onderwerp teen 538 na Christus en van daardie datum het die Pousdom oor die konings van die aarde geregeer vir 1260 jare, 538 tot 1798 na Christus. Kyk tabel op volgende bladsy.

"Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin. ...En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd." Daniël 7:21-25.

"En hulle sal die heilige stad (die ware kerk) twee-en-veertig maande lank vertrap." Openbaring 11:2.

"En die vrou (die ware kerk) het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou dusend-twee-honderd-en-sestig dae lank." Openbaring 12:6.

Die ware kerk was vervolg deur die Rooms-Katolieke Kerk vir 1260 jaar, 538 tot 1798 na Christus.

## *MILJOENE GEMARTEL*

"Dat die Kerk van Rome meer onskuldige bloed gestort het as enige ander instansie wat nog ooit onder mense bestaan het, sal deur geen Protestant betwyfel word wat kennis dra van die hele geskiedenis nie. Dit is onmoontlik om die hele konsepsie van die menigte van haar slagoffers, en dit is taamlik seker dat geen magte van verbeelding ooit kan besef wat hulle gely het nie." W.E.H. Leeky, History of the Rise and Influence of the Spirit of Rationalism in Europe. Vol. 2:32, 1910 edition.

'n Uitstekende, hoewel langdradige, artikel wat haarfyn die reg van die Rooms-Katolieke Kerk beskryf, om hierdie dinge te doen, sal gevind word in die Catholic Encyclopedia, Vol. 12:266.

Vir die belydenis van geloof strydig met die leringe van die Roomse Kerk, wys die verslag van die geskiedenis dat daar meer as een honderd miljoen martelare was. 'n Miljoen Waldenses en Albigenses ( Switser en Frans Protestante) het vergaan tydens 'n kruistog wat afgekondig was deur Pous Innocent III in 1208. Vanaf die vestiging van die Jesuite in 1540 tot 1580, was

Die Bybel gee ons die grondslag om die tyd te bereken. 1 Dag is gelykstaande aan 1 jaar.

"Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar." Num 14:34. "Vir elke jaar lê Ek jou een dag op." Esegiël 4:6.

"En hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd." Dan 7:25. "'n tyd en tye en 'n halwe tyd." Openbaring 12:14.

Profetiese Tyd (1 jaar) + Tye (2 jare) + 'n Halwe tyd (1 halwe jaar) = 3 ½ tye

Profetiese berekening gebruik 1 tyd (Jaar) = 360 profetiese dae.

3 ½ tye = 3 ½ x 360 = 1260 profetiese dae.

1 profetiese dag = 1 werklike jaar;

1260 profetiese dae = 1260 werklike jare.

nege honderd duisend vernietig. Een honderd en vyftig duisend vergaan deur die Inkwisisie in dertig jaar. Binne-in die ruimte van agt-en-dertig jaar na die edik van Charles V teen die Protestante, is vyftig duisend persone opgehang, onthoof, of lewendig gebrand vir kettery. Agtien duisend meer vergaan tydens die administrasie van die Hertog van Alvan in vyf en 'n halwe jaar. " Brief Bible Readings, p. 16.

John Wycliff, 'n magtige man van God, was so verag deur die pousdom dat veertig jaar na sy dood, was sy gebeente opgegrawe en in die publiek gebrand. Dit was deur die skrifte van Wycliff dat baie foute van Rome aan die lig gebring is.

Huss en Jerome is beide dood gebrand, vasgebind aan 'n paal. Hulle sou nie ophou om die waarheid te preek nie, dus het die Katolieke jongpriesters hulle na die vlamme gestuur. (Sien Wylie, b3, ch 17).

Betreffende die Pous, het Martin Luther geskryf:" Dit is 'n afskuwelike ding om na die man te kyk wat homself voorstel as Christus se verteenwoordiger, en wat 'n prag wat aan 'n geen keiser gelyk is nie, ten toon stel. Is dit om soos die arme Jesus te wees, of die nederige Petrus? Dit word deur hulle gesê dat hy die god van die wêreld is! Maar Christus, wie se verteenwoordiger hy spog om te wees, het gesê,' My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie'. Kan die heerskappye van hierdie verteenwoordiger bokant die wees van sy meerdere?"D'Aubigne, B, Ch.3.

Luther het gesê: "Ek verag dit en val dit aan ('n pouslike bul (skrif) was Luther veroordeel) soos heilloos vals…. Ek verheug my om sulke dinge te verdra vir die beste saak. Reeds voel ek groter vryheid in my hart; want uiteindelik weet ek dat die pous die antichris is, en dat sy troon die troon van Satan self is." <u>D'Aubigne, B.6, Ch. 9.</u>

## *POGING OM DIE SABBAT TE VERANDER*

Die Pousdom sal, "probeer om tye en wet te verander." Daniël 7:25. "Die pous het sulke groot outoriteit en krag dat hy selfs goddelike wette kan verander, verduidelik, of interpreteer. Die pous kan die goddelike wet verander, siende dat sy krag nie van die mens is nie, maar van God, en hy handel soos die verteenwoordiger van God op aarde. " Lucius Ferraris Prompta Bibliotheca, Popa Art. 2.

"Natuurlike beweer die Katolieke Kerk dat die verandering (van Sabbat na Sondag) haar daad was. Dit kon nie gedroom word om enigeiets geestelik, en godsdienstig, sonder haar te doen nie. En die DAAD IS 'N MERK VAN geestelike gesag in godsdienstige sake" James Cardinal Gibbons in a letter to J.F. Snyder of Bloomington, Il. Nov.. 11, 1895

VRAAG—"Het jy enige ander manier om te bewys dat die Kerk die gesag het om feeste te skep?"

ANTWOORD— As sy nie sulke mag gehad nie, kon sy nie gedoen het wat sy gedoen het sodat die moderne gelowiges met haar saamstem nie, sy kon nie Sondag onderhouding, die eerste dag van die week vervang het in plaas van die waarneming van Saterdag, die sewende dag nie,— 'n verandering waarvoor daar geen Skriftuur bewys in die Bybel is nie. " Priest Stephen Keenan, A Doctrinal Catechism, Chap. 2, 174.

Bewys vir my slegs uit die Bybel dat ek verplig is om Sondag heilig te hou. Daar is nie so 'n wet in die Bybel nie! Dit is 'n wet van die heilig Katolieke Kerk alleen. Die Bybel sê, 'Gedenk die sabbatdag dat jy dit heilig' Die Katolieke Kerk sê, Nee! deur goddelike mag skaf ek die Sabbatdag af en beveel jou om die eerste dag van die week heilig te hou. En ja! die hele beskaafde wêreld buig eerbiedig en gehoorsaam die bevel van die Heilige Katoliek Kerk." Priest Thomas Enright, C.S.S.R, president of Redemptorist College, Kansas City, MO in a lecture at Hartfold, Kansas, Feb. 18, 1884, and in the American Sentinel, a Roman Catholic journal of June 1893, 173.

Geen mens kan regtig God se Heilige Wet verander nie; hy dink hy kan. Jesus het gesê: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verby gaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie." Mattheus 5:17-18.

Paulus skryf: "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teestander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is." 2 Thessalonicense 2:3-4.

" Die Pous is van so groot waardigheid en so verhef dat hy nie net 'n mens is nie, maar so te sê God, en die verteenwoordiger van God. Die pous weens die voortreflikheid van sy hoogste waardigheid word die biskop van biskoppe genoem. Hy is eweneens die goddelike monarg en hoogste keiser, en Koning van konings. Hieruit word die pous met 'n drievoudige kroon bekroon, as Koning van die hemel en die aarde en van die ondergrond." Lucius Ferraris, Prompta Bibliotlxeca, Vol 6, p 29.

"En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was." Openbaring 13:3.

"As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word." Openbaring 13:10.

Ons het alreeds gewys dat die Pousdom oor die aarde vir 1260 jaar sou regeer— 538 tot 1798 na Christus. Kyk tabel op bladsy 24.

In 1798 was die Regering van Skrikbewind in die Franse Rewolusie nog voortgesit en die Rooms-katolieke godsdiens was is in Frankryk opsygesit. Die Franse weermag onder generaal Berthier het Rome binnegegaan en het die pous gevangene geneem. Die datum: Febr. 10, 1798. Die pous het die volgende jaar in Valence, Frankryk in ballingskap gesterf. 'n Groot kreet is gehoor," Katolisisme is dood." Die Pousdom het haar "dodelike wond" ontvang. Sien Openbaring 13:3. Maar ons word vertel dat die wond gaan genees, en die tyd is gou besig om te kom wanneer die hele wêreld "agter die dier aangaan." Ibid.

In 1929 het Kardinaal Casparre met Premier Mussolini ontmoet in die paleis van St. John Lateran waar die Verdrag van die Vatikaan onderteken is, wat geestelike mag aan die Pousdom teruggee het; en dit was weereens tot 'n koninkryk met sy eie grondgebied herstel. Maar die dodelike wond is nog nie heeltemal genees nie.

Die wond was die skeiding van die kerk van Rome om die staat te beheer; en wanneer hierdie wond heeltemal genees is, sal die Rooms-katolieke Kerk die burgerlike magistrate beheer. Die Verenigde State van Amerika sal die agent wees om dit te laat gebeur.

"En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is." Openbaring 13:11-12.

## *DIE MERK VAN DIE DIER*

"As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam." Openbaring 14:9-10.

DIE MERK VAN DIE DIER is SONDAG aanbidding afgedwing deur wetgewing.— Dit is 'n MERK van die Rooms-katolieke Kerk.

Die Katolieke Kerk sê;" Verseker erken die Katolieke Kerk dat die verandering (Sabbat na Sondag) haar daad was…. En die daad is 'n MERK van haar geestelike mag." Cardinal Gibbons, Nov. 11, 1895.

Die Verenigde State sal binnekort die Burgerlike mag van die pousdom herstel.

"En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.

En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.

En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en

die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het." Openbaring 13:14-17.

Die Verenigde State van Amerika het rondom 1798 in die stilte opgerys uit die aarde, ongeveer dieselfdee tyd toe die Pousdom sy mag verloor het. Hierdie groot volk van Amerika het twee horings soos die van 'n lam gehad—'n volk sonder 'n koning en 'n kerk sonder 'n pous. 'n Volk wat vryheid van godsdiens en demokrasie gehad het, waar elke burger sy stem in burgerlik sake kan gee. Maar helaas hierdie groot volk sal binnekort praat soos 'n DRAAK.

Die V.S.A. se Grondwet sê, "Kongres mag geen wet maak wat 'n vestiging van godsdiens raak nie, of die vrye oefening daarvan verhoed; of die vryheid van spraak beperk, of van die pers; of die reg van die mense om vreedsaam te vergader, en om 'n petisie aan die Regering te gee, om 'n saak te heroorweeg.

Abraham Lincoln het in sy Gettysburg toespraak gesê:,"'n Regering van die mense, deur die mense, en vir die mense."

Die mense van die Verenigde State het die Grondwet gemaak wat godsdiensvryheid aan almal waarborg. Die mense van die Verenigde State sal binnekort verander, en deur stem, eis dat die Kongres die Grondwet moet verander. Die Bybel vertel ons dat deur spiritisme die hele wêreld verlei sal word. Daar sal vreeslike storms, aardbewings, hongersnood, pestilensies en siektes wees. Soos die tyd van die einde nader kom, sal hierdie voorvalle vererger, waarvoor God se mense die blaam sal kry. Die spiritiste en baie predikante sal sê dat hierdie vreeslike natuurrampe nie sal ophou totdat Sondag onderhouding deur almal geëer word nie. Die mense sal Sondag-wette eis. Die Verenigde State sal hierin die voortou neem, en die hele wêreld sal volg. "En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan." Openbaring 13:3.

"En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het." Openbaring 13:14.

"En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom.

Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God." Openbaring 16:13-14.

"Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang.

"Deur die geveinsdheid van leuenaars wat gebrandmerk is in hulle eie gewete." 1 Tomótheüs 4:1-2.

Almal wat weier om aan hierdie wet te voldoen sal gedreig word met boetes, tronkstraf en eindelik die doodstraf.

"En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie." Openbaring 13:15.

Hierdie Sondagwette sal geimplementeer word in die Verenigde State van Amerika, dan sal elke land op die aarde dit navolg—Ou Mexiko, Suid-Amerika, Indië, Asië, Europa, Rusland, Afrika en al die eilande van die see. Elke persoon in die hele wêreld sal moet besluit of hy God se wet gaan onderhou of die mens se wet.

"En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie." Openbaring 13:8.

"En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie — hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang." Openbaring 14:11.

Ons mag die vraag vra: Hoe het Pouslike Rome so baie mag gekry?

"En ek het 'n dier (Pouslike Rome) uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings,…en op sy koppe 'n naam van godslastering.

"En die dier (Pouslike Rome) wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos die van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die draak (Heidense Rome) het hom (Pouslike Rome) sy krag gegee en sy troon en groot mag…En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan." Openbaring 13:1-3.

Die verskuiwing van die hoofstad van die Romeinse Ryk na Constantinople in 330 het die Westerse Kerk, prakties vry gelos van keiserlike mag, om sy eie organisasie te ontwikkel. Die Biskop van Rome, in die sitplek van die Ceasars, was nou die grootste man in die Weste, en was gou geforseer om die politieke sowel as die geestelike mag te word." A.C. Flick, The Rise of the Medieval Church, p. 168.

"Wat ook al Romeinse elemente die Barbare en Ariane gelos het…onder die beskerming van die Biskop van Rome, wat die vernaamste persoon was na die verdwying van die Keisers … Die Romeinse Kerk het op hierdie manier homself geplaas in die plek van die Romeinse Wêreldryk, waarvan dit die feitlike voortsetting is; die ryk het nie vergaan nie, maar het slegs 'n transformasie ondergaan. Dit (die Katolieke Kerk) is 'n politieke skepping,

"Die beste manier om die Pous, John Paul II, te vereer, waarlik een van die grootste manne, is om sy onderwysing ernstig op te neem; om na sy woorde te luister en sy woorde en onderwys hier in Amerika toe te pas. Hierdie is 'n uitdaging wat ons moet aanvaar." President George W. Bush; Maart 21, 2001.

Met betrekking tot die onlangs gevestigde "Pope John Paul Cultural Center" gebou in Washington, D.C., het die Pous gesê: "Ons sal dit beskou as ons klein Vatikaan in die Verenigde State." (Soos gerapporteer deur Paul Shepard AP writer. The Daily News, March 24, 2001.)

## TRADISIES VAN DIE KATOLIEKE KERK EN DIE JAAR WANNEER DIT BEGIN HET:

**N.C.300** Gebede vir die dooies, teken van die kruis
**321** Verpligte Sondagonderhouding.
**375** Eerbiediging van engele en dooie heiliges, en die gebruik van beelde.
**394** Viering van heidense mis.
**400** Vervolging van die Bybel se Sabbathouers begin.
**431** Verheffing van Maria, omdat sy die "Moeder van God" genoem word.
**450** Doodsvonnis vir die Sabbathouers.
**500** Priesters trek ander klere aan.
**526** Salwing voor 'n persoon sterf.
**593** Vagevuur.
**600** Slegs die Latynse taal word gebruik in gebed en aanbidding, en gebede word gerig aan Maria, dooie heiliges en engele.
**607** Die eerste gebruik van die titel van die Pous of universele biskop.
**709** Soen van die pous se voete.
**750** Burgerlike mag van die pous.
**786** Aanbidding van die kruis, beelde, heilige voorwerpe en gebeentes.
**927** Kollege van Kardinale
**965** Doop van klokke.
**995** Dooies word amptelik verklaar as heiliges.
**998** Vas op Vrydag en vastyd.
**1079** Ongetroude staat van die Priesters.
**1090** Rosekrans en meganiese gebede met krale.
**1184** Die Inkwisisie.
**1190** Verkoop van skuldbriefies.
**1215** Die belydenis van sonde aan 'n priester in plaas van aan God.
**1220** Aanbidding van die water.
**1229** Bybel amptelik verbode vir leke.
**1251** Die Skapulier
**1414** Beker verbode vir die mense.
**1508** Ava Maria gesê moet word met krale.
**1524** Totstandkoming van Jesuïete orde.
**1554** Tradisie amptelik gelyk met die Skrif.
**1546** Apokriewe boeke amptelik bygevoeg.
**1854** Die maagdelike swangerskap word aangekondig.
**1864** Pouslike "sillabus van foute" veroordeel vryheid van godsdiens, spraak, gewete, pers en wetenskaplike ontdekkings.
**1870** Onfeilbaarheid van die pous.
**1930** Publieke en alle nie-Katolieke skole veroordeel.
**1950** Aanvaarding van die Maagd Maria afge-kondig.
**1965** Maria word die moeder van die Kerk.
**Ook:** Monnike, nonne, kluisenaar, kloosters, vastyd, heilige week, Palmsondag, Heilige Water, Aswoensdag, Dag van die Allerheiliges, Halloween, visdag, selfmarteling, wierook, heilige olie, toorgoed, ens.

en doen homself as 'n wêreldryk voor, omdat dit 'n voortsetting van die Romeinse Ryk is. Die pous, wat homself Koning noem en Pontifex Maximus, is die Keiser se opvolger." Adolf Harnock, What is Christianity? 1903, pp. 269-270.

Daar is opregte Christene in elke kerk, insluitend die Katolieke Kerk, wat God op Sondag aanbid het. Hulle het geleef volgens die lig wat hulle ontvang het. Hulle het God gedien na die beste van hulle kennis. Hulle het nie die MERK VAN DIE DIER ontvang nie. Maar wanneer die SONDAG aanbidding deur wet geforseer word, sal elkeen wat die wette van die mens gehoorsaam en die wet van God ignoreer, die merk van die dier ontvang. Hulle sal die laaste sewe plae ontvang: "Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het." Openbaring 16:2.

## *DIE SEËL VAN GOD*

Nie almal sal die Merk van die Dier ontvang nie:

"En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God." Openbaring 15:2.

Diegene wat nie die Merk van die Dier ontvang nie, sal die Seël van God ontvang.

"En gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie." Openbaring 7:3.

"Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge." Jesaja 8:16.

Die seël van God openbaar die NAAM, OUTORITEIT, EN HEERSKAPPY in sy Heilige Wet:

"Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.

Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig." Exodus 20:8-11.

"Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik." Exodus 31:17.

"En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die Here julle God is." Eségiël 20:20.

Die sewende-dag Sabbat is nog steeds God se heilige dag en gehoorsaamheid aan God se wet sal die finale toets vir die SEËL VAN GOD wees.

"En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son,......... en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie." Openbaring 7:2-3.

"Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die Here, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees.

En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die Here." Jesaja 66:22-23.

"Ek was in die Gees op die dag van die Here." Openbaring 1:10.

Wat Is Die Dag Van Die Here?

"Toe sê Hy vir hulle: Die Seun van die mens is Here óók van die sabbat." Lukas 6:5.

Die Here se dag is die sewende dag van die week—die Sabbatdag.

Die Sondagwet word beskou as oorlogvoering teen God se mense.

"En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou." Openbaring 12:17.

"Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad." Openbaring 22:14

Die meeste kerke, en ander vorms van aanbidding is nie volkome gehoorsaam aan die Bybel nie. Hulle meng waarheid met heidense, menslike tradisies.

"Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is." Matthéüs 15:9.

Sondagviering is 'n tradisie van mense. Dit kom vanaf heidense sonaanbidding. Die onsterflik-heid van die siel is nie Bybels nie. Die doop van babatjies word nie in die Bybel geleer nie. Doop deur besprinkeling is nie in die Bybel nie.

"Ons Katolieke, besit presies dieselfde gesag vir die bewaring van Sondagsheiliging, in plaas van Saterdag, soos vir elke ander artikel van ons geloof, naamlik, die gesag van die Kerk. Terwyl u as 'n Protestant regtig geen gesag daartoe het nie: want daar is geen gesag vir Sondag-onderhouding in die Bybel nie, en u sal erken dat daar gesag daartoe op enige ander plek is nie. Van ons volg tradisie in hierdie saak; maar ons volg hierdie na omdat ons glo dat dit 'n deel van God se Woord is, en die (Katolieke) kerk as goddelike bewaarder en interpreteerder aangestel is; julle volg dit (die Katolieke Kerk), om dit heeltyd aan te kla as 'n feilbare en verraderlike riglyn, wat dikwels die gebooie van God ongedaan maak." (Kwoteer Matheus 15:6). The Brotherhood of St. Paul, "The Cliflon Tracts" Vol. 4, tract 4, p. 15.

"Dit is goed om die Presbiteriane, Baptiste, Metodiste en alle ander Christene te herinner, dat die Bybel hulle nêrens ondersteun in hulle onderhouding van Sondag nie. Sondag is 'n instelling van die Rooms-katolieke Kerk, en diegene wat die dag onderhou, onderhou 'n gebod van die Katolieke Kerk. " Priest Brody, in 'n toespraak gerapporteer in die Elizabeth, N.J. News of March 18, 1903.

### PROTESTANTISME STEM SAAM

Geestelikes, geleerdes, en verhewe skrywers, almal hou ongetwyfeld Sondag as 'n saak van die kerk se gewoonte: maar getuig dat die Bybel se Sabbat is die sewende dag van die week. Saterdag en nie Sondag. Sondag is nie die Here se dag nie.

### PROTESTANTISME PRAAT

Congregationalist: "Dit is heeltemal helder dat hoe streng of toegewyd ons die Sondag onderhou, onderhou ons nie die Sabbat nie. . . . . . Die Sabbat is op 'n spesifieke, goddelike bevel gegee. Ons kan nie so 'n bevel bepleit vir die onderhouding van Sondag nie. . . . . Daar is nie 'n enkele reel in die Nuwe Testament om voor te stel dat ons enige skuldig maak aan straf deur die ontheiliging van Sondag nie." Dr. R.W. Dale. "The Ten Commandments." P. 1-6-107.

Lutheran Free Church: "Wanneer daar geen enkele Skriftuur in die Heilige Skrif gevind kan word, wat getuig dat die Here Homself of die Apostels so 'n opdrag gegee het om die Sabbat na Sondag te verander nie, dan is dit nie maklik om die vraag te beantwoord nie: Wie het die Sabbat verander, en wie het die reg gehad het om dit te doen?" George Sverdrup, "A New Day."

Presbiteriaan: " Daar is geen woord, geen wenk in die Nuwe Testament omtrent die onthouding van werk op 'n Sondag nie. Die waarneming van As Woensdag, Of Lent, staan presies op dieselfde vlak as die waarneming van Sondag. Vir die rus van Sondag is daar geen Goddelike Wet nie. " Canod Eyton, in "The Ten Commandments."

Anglikaan: "En waar in die Skrif word ons vertel om die eerste dag te hou? Ons word beveel om die sewende dag te hou; maar ons word nêrens beveel om die eerste dag te hou nie." Isaac Williams, "Plain Sermons on the Catechism," pp. 334, 336.

Metodis: "Dit is waar dat daar geen positiwe bevel vir die doop van babatjies is nie. Ewemin is daar enige vir die heiliging van die eerste dag van die week. Baie glo dat Christus die Sabbat verander het. Maar, van Sy eie woorde, sien ons dat Hy vir geen so 'n doel gekom het nie. Diegene wat glo dat Jesus die Sabbat verander het, baseer dit net op 'n veronderstelling." Amos Binney. Theological Compendium, pp. 180-181.

Episkopaal: "Ons het die verandering van die sewende dag gemaak na die eerste dag, van Saterdag na Sondag, op die gesag van die een heilige, Katolieke, apostoliese kerk van Christus." Bishop Seymour, "Why We Keep Sunday."

Baptis: "Verseker weet ek goed dat Sondag eers in die vroeë Christelike geskiedenis ingekom het as 'n godsdienstige dag, soos ons leer van die Christelike Vaders en ander bronne. Maar wat 'n jammerte dat dit met die merk van die Heidendom kom, en christelik gemaak word met die naam van die son-god, en dan aangeneem en geheilig word deur die Pouslike afvalligheid, en gemaak as 'n heilige erfenis van Protestantisme. " Dr. E. T. Hiscox, verslag van sy preek by die Baptist Ministers Convention, in New York Examiner, November 16, 1893.

Ons het meestal aangehaal van Katolieke bronne wat dit helder gemaak het dat sy die Sabbat van Saterdag, die sewende dag, na Sondag, die eerste dag van die week, verander het. Hulle bevestig ook dat hulle Sondagsaanbidding in die Christelike Kerk ingebring het om deur alle mense waargeneem te word.

Ons het aangehaal van Protestante ministers en verhewe skrywers, wat vermeld dat daar nêrens in die Ou of die Nuwe Testament van die Bybel 'n enkele skriftuur vir Sondagaanbidding

of Sondagsheiliging gevind kan word nie.

Sondag is nie heilig nie. Sondag as 'n dag van aanbidding kom van die heidense sonaanbidding.

"Waarom oortree julle ook die gebod van God terwille van julle oorlewering? …. Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is…..

"Maar Hy antwoord en sê: Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word."

"Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val." Mattheus 15:3, 7-9, 13-14.

Die finale waarskuwing teen die merk van die dier sal 'n wêreldwye boodskap wees. Dit sal uitgedra word deur die radio, televisie en koerante in elke land op aarde. God sal aan elke persoon 'n finale keuse gee, om Hom te gehoorsaam, of om menslike wette te gehoorsaam, wat regstreeks in teenstelling met God se wet is.

"En ná hierdie dinge het ek 'n ander engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.

"En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,

"Omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid.

"En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.

"Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou.

"Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het

"Daarom sal haar plae op een dag kom; dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel." Openbaring 18:1-6, 8.

"En die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,

"En vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" Openbaring 6:15-17.

"En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër.

"En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand." Openbaring 19:19-20.

"En die wat deur die Here verslaan is, sal die dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie; hulle sal mis op die aarde wees." Jeremia 25:33.

## *GOD SAL ALMAL WAT HOM VERTROU EN GEHOORSAAM TEDERLIK VERSORG*

"Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie!

"Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand—na jou sal dit nie aankom nie….

"Want U, Here, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie:" Psalm 91:5-7, 9-10.

"En na hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie.

"En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig.

"En gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie." Openbaring 7:1-3.

"Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie.

"Want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee." Openbaring 7:16-17.

"Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan.

"Want kyk, die Here sal uit sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek; en die aarde sal die bloed openbaar maak wat deur hom gedrink is, en die wat op hom gedood is, nie langer toedek nie." Jesaja 26:20-21.

"En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae want daarmee is die grimmigheid van God voleindig.

"En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God.

"En hulle het die lied gesing van Moses, die diensknegte van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o koning van die heiliges!" Openbaring 15:1-3.

"En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou." Openbaring 12:17.

"En in dié tyd sal Migael die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree: en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op die tyd nie; maar in die tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.

"En baie van dié wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik." Daniël 12:1-2.

"Terwyl die aarde waggel, die weerligte uitslaan en die gedreun van donder gehoor word, roep die Seun van God die slapende heiliges tevoorskyn. Hy kyk na die grafte van die regverdiges en dan met Sy hande uitgestrek na die hemel, roep hy. 'Staan op, staan op, staan op, julle wat in die stof slaap, staan op!' … Uit die gevangenis van die dood kom hulle met onsterflike heerlikheid beklee en roepende: "Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" 1 Korintiërs 15:55." Die Groot Stryd, bl. 644.

"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God: en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

"Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees." 1 Thessalonicense 4:16-17.

"Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou, Amen, ja kom, Here Jesus!" Openbaring 22:20.

"Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank." Openbaring 20:6.

"En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan, en die see was daar nie meer nie.

"En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

"En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê. Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.

"En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.

"En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar." Openbaring 21:1-5.

"Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterkant is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die Koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.

## *DIE LIEFDE VAN GOD*

**Wat Is God Verklaar Om Te Wees?**

"God is liefde." 1 Johannes 4:8.

**Hoe Groot Is God Se Liefde Vir Die**

**Wêreld?**

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Johannes 3:16

**In Watter Daad Het God Spesiaal Sy Oneindige Liefde Geopenbaar?**

"Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat Hy sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe." 1 Johannes 4:9.

**Op Hoeveel Laat God Sy Seëninge Val?**

"Want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges." Mattheus 5:45.

**In Besigtiging van God se Groot Liefde, Wat Mag Ons Met Vertroue Verwag?**

"Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" Romeine 8:32.

**In Watter Enkele Woord Word God Se Karakter Uitgedruk?**

"Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde." 1 Johannes 4:8.

**Hoe Lank Duur God Se Liefde Vir Ons?**

"Die Here het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid." Jeremia 31:3.

**Kan Enigeiets God Se Ware Kind Skei Van God Se Liefde?**

"Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here, is nie." Romein 8:38-39.

**Aan Wie Sal Die Heiliges Vir Altyd Hulle Lof Toeskryf?**

"Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed, ... aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid." Openbaring 1:5-6.

**Wat Word Gesê Van God Se Sagmoedige Medelye?**

"Maar U, Here, is 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou." Psalm 86:15.

**Hoekom Het God Vir Ons Gesê Om Ons Vyande Lief Te Hê?**

"Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê, seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; Sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges." Mattheus 5:44-45.

## AANBIDDING IN HUIS KERKE

Hierdie boekie dra die boodskap oor, dat die hele wêreld, en veral Christene, binnekort die wêreldwye Sondagwet in die gesig sal staar. Die wet sal vereis dat almal op Sondag (1ste dag van die week), hul werk sal moet staak en op die Pouslike onbybelse dag aanbid. Indien jy dit doen, dan sal jy die gevreesde 'merk van die dier' in jou hand ontvang. Indien jy op die sewende dag Sabbat (Saterdag) aanbid, herdenk jy God se skeppende en herskeppende krag, soos beskryf in die 4de gebod. (Eksodus 20:8-11 en Gen. 2:1-3). Indien jy Sy woord gehoorsaam, dan sal jy God se seël ontvang en die ewigheid met Hom deurbring. Daar is gemeentes, predikante en individue, wat besluit het om gehoorsaam aan God se Woord te wees, en God se gebooie te onderhou. Indien jy die duidelike boodskap aan jou kerk gegee het, en indien hulle weier om gehoorsaam te wees, dan moedig ons jou nou aan, om van Babilon (Openb. 18) te skei. Jy kan in jou eie huis aanbid, en jou gesin of familie of vriende en bure uitnooi totdat julle 'n klein kuddes van gelowiges gevorm het. Dan sal julle hierdie beginsels kan deel. Ook word julle die "Herbouer van gebreekte mure" in God se 10 Gebooie wet. Sodoende kan jy aanspraak maak op God se belofte: "Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde". (Mat. 18:20)

## *DIE UUR VAN GOD SE OORDEEL*

**Watter Ontstellende Boodskap Word In Openbaring 14:7 Gegee?**

"Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het."

**Wanneer Is Die Uur Van God Se Oordeel?**

"En hy het vir my gesê: Tweeduiwend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word." Daniël 8:14. (Sien Kaart op vorige bladsy.)

Nota—Die Joodse dag van Versoening was op die tiende dag van die sewende maand, wanneer die heiligdom gereinig is. Hierdie dag van Versoening was deur die Jode gesien as 'n dag van oordeel, en was feitlik 'n tipe van die ondersoekende oordeel in die hemel. Die 2300 jaar, volgens die simboliese profesieë, strek tot die reiniging van die heiligdom in die hemel, of die ondersoekende oordeel. Die simboliese heiligdomsdiens van die Joodse nasie is ten volle vervul in die werk van Christus. Omdat die versoeningsdag van die vorige bedeling werklik 'n dag van oordeel was, so sal die versoeningswerk van Christus die oordeel insluit van die sake van Sy mense voordat Hy die tweede keer sal kom om hulle vir Homself te ontvang.

**Watter Versekering Het Ons Dat Daar 'n Oordeel Sal Wees?**

"God … het 'n dag bepaal waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel" Handelinge 17:30-31.

**Was Die Oordeel Nog In Die Toekoms, In Paulus Se Dag?**

"Maar toe hy spreek oor geregtigheid en selfbeheersing en die toekomstige oordeel, het Felix baie bang geword." Handeling 24:25.

**Waarvoor Sal Almal Geoordeel Word?**

"En die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke." Openbaring 20:12, "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom." Openbaring 14:7.

Nota—Daar is drie fases van die oordeel wat in die Skrifte genoem word: die ondersoekende oordeel, wat die tweede koms voorafgaan; die oordeel van die verlore wêreld en bose engele deur Christus en die heiliges gedurende die duisend jaar na die tweede koms; en die uitvoerende oordeel, straf van die bose by die sluiting van hierdie periode. Die ondersoekende oordeel vind plaas in die hemel voordat Christus kom, om te bepaal wie is waardig om in die eerste opstanding op te staan, by Sy koms, en wie tussen die lewendes in 'n oogwink verander moet word, by die blaas van die laaste basuin. Dit is nodig vir hierdie om plaas te vind voor die Tweede Koms, omdat daar geen tyd vir so 'n werk sal wees tussen die koms van Christus en die opstanding van die regverdige dooies nie. Die uitvoerende oordeel van die onregverdiges vind plaas nadat hulle sake ondersoek is deur die heiliges gedurende die duisend jaar. Kyk Openbaring 20:4-5; 1 Korinthiërs 6:1-3. Die ondersoekende oordeel is die een wat aan die wêreld aangekondig word deur die engel se boodskap van Openbaring 14:6-7.

**Wat Bely Christus As Die Advokaat Van Sy Mense Voor Die Vader En Sy Engele?**

"Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor Sy engele." Openbaring 3:5. Kyk Mattheus 10:32-33; Markus 8:38.

Nota—Gedurende hierdie oordeelstoneel is die regverdige en onregverdige dooies nog steeds in hulle grafte. Die rekord van elkeen se lewe is egter in die boeke van die hemel.

## *CHRISTUS SE TWEEDE KOMS*

**Watter Belofte Het Christus Gemaak Ten Opsigte Van Sy Koms?**


"Laat julle hart nie ontsteld word nie, glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings, as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." Johannes 14:1-3.

**Wat Volg Na Die Tekens Van Christus Se Koms?**

"En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid." Lukas 21:27.

**Sal Die Gepraat Van Wêreldvrede 'n Valse Sekuriteit Bied?**

"Dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af." 2 Petrus 3:3-4. "Want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid—dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle




Die 2300 jare moes, volgens Daniel se profesie, begin by die bevel om Jerusalem te herstel en te herbou, en strek tot die tyd van die reiniging van die heiligdom.

457 v.C.—Artaxerxes, koning van Persie, het beveel dat Jerusalem herstel en herbou moet word. (Daniel 9:14, Esra 6:1, 6-12). Dit is die begin van die 2300 jaar.

408 v.C.—Die rekonstruksie en herstel van Jerusalem het die eerste 49 jaar van Daniel se lang tyd profesie geneem. Die werk was voltooi in 408 v.C. (Daniel 9:25)

27 n.C.—Jesus, wat gesalf was met die Heilige Gees by Sy Doop, het begin om te preek en te leer. Sien Mat. 3:16; Hand. 10:38. Vanaf 457 v.C. tot Christus gesalf is was 483 jaar.

31 n.C.—Die Messias was afgesny in die middel van die week, 31 n.C., na 3 en 'n half jaar van 'n geseende bediening. Sien Dan. 9:27; Mat. 27:50-51. Die oorblywende drie en 'n half jaar van die sewentig weke, bring ons by die sluiting

sal sekerlik nie ontvlug nie. Maar julle broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie." 1 Thessalonicense 5:2-4.

**By Sy Hemelvaart, Hoe Is Christus Se Terugkeur belowe?**

"En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het." Handelinge 1:10-11.

**Sal Christus Se Koms 'n Tyd Van Beloning Wees?**

"Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade." Mattheus 16:27. "En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." Openbaring 22:12.

**Aan Wie Is Verlossing Belowe By Christus Se Verskyning?**

"So sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid." Hebreërs 9:28.

**Watter Invloed Het Hierdie Hoop Op Lewens?**

"…maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is." 1 Johannes 3:2-3.

**Wanneer Sal Paulus Sy Kroon Ontvang?**

"Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het. 2 Timotheus 4:8.

## *DIE MANIER VAN CHRISTUS SE KOMS*

**By Sy Hemelvaart, Hoe Het Die Engele Gesê Sal Christus Weer Kom?**

"En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggenaam. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat së: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom in die hemel sien wegvaar het." Handelinge 1:9-11.

**Hoe Het Christus Gesê Gaan Hy Kom?**

"Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van Sy Vader te Kom." Mattheus 16:27. "Dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid." Mattheus 24:30.

**Watter Waarskuwing Het Christus Gegee Betreffende Valse Menings?**

"As iemand dan vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! Of: Daar!—moet dit nie glo nie. Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn—moenie uitgaan nie; Kyk, Hy is in die binnekamer—moet dit nie glo nie." Mattheus 24:23-26.

**Hoe Sigbaar Sal Sy Koms Wees?**

"Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die Koms van die Seun van die mens wees." Vers 27.

**Wat Vind Plaas By Die Basuin se Geskal?**

"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en dié wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan" 1 Thessalonicense 4:16.

**Watter Skeiding Sal Dan Plaasvind?**

"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei." Mattheus 25:31-32.

**Wat Sal Hy Aan Diegene Aan Sy Regterkant Sê?**

"Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterkant is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af." Vers 34.

**Wat Sal Hy Aan Diegene Aan Sy Linkerkant Sê?**

"Dan sal Hy ook vir die aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele." Vers 41.

**Wat Sal Die Here Vir Sy Mense Wees In Hierdie Tyd?**

"En die Here brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die Here sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel." Joël 3:16. Kyk Jeremia 25:30-31; Haggai 2:21; Hebreërs 12:26; Psalm 91:8-10.

**Hoe Spreek Paulus Van Hierdie Koms?**

"So sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid." Hebreërs 9:28.

**Watter Teks Bring Die Millenium Beslis Na Vore?**

"En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee …. En hulle het geleef en




van die vierhonderd en negentig jaar periode wat gegee is aan die Joodse volk.
34 n.C.—Steniging van Stefanus. Van daardie tyd af is die evangelie gepreek aan die nie-Jode. Sien Dan. 9:24; Hand. 7:54-58; 8:1. Vanaf 457 v.C. tot die tyd van die Nie-Jode, was 490 jaar of sewentig weke.
1844 n.C.—Die drie-voudige boodskap van Openb. 14:6-12 was verkondig aan die wereld, net voor Christus se tweede koms.
1844 n.C.—Einde van die 2300 jaar periode. Reiniging van die hemelse heiligdom in die uur van God se oordeel. Sien Dan. 8:14; Openb. 14:7.

as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. Openbaring 20:6.

**Wat Gebeur Met Die Lewende Onregverdiges Wanneer Christus Kom?**

“En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.” Lukas 17:26-30.

## *DIE MILLENIUM BEGIN*

**Hoeveel Opstandings Is Daar?**

“Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom ‘n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.” Johannes 5:28-29.

**Watter Klas Het Alleen Deel Aan Die Eerste Opstanding?**

“Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie.” Openbaring 20:6.

**Hoe Lank Sal Satan Gebind Wees Op Die Aarde?**

“En ek het ‘n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en ‘n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp—die ou slang wat die duiwel en die Satan is—en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie.” Openbaring 20:1-3.

**Watter Verandering Moet Aan Satan Se Toestand Gemaak Word By Die Sluiting Van Die Duisend Jaar?**

“Daarna moet hy dan ‘n kort tydjie ontbind word. Vers 3.

**Die Regverdige Dooies Word Opgewek By Christus Se Tweede Koms. Wanneer Sal Die Res Van Die Dooies, Die Onregverdiges, Opgewek Word?**

“En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Vers 5.

**Sodra Die Onregverdige Opgewek Is, Wat Wil Satan Dadelik Begin Doen?**

“En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word, en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. Verse 7-8.

**Teen Wie Wil Die Onregverdiges Oorlog Voer, En Wat Is Die Uitslag?**

“En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.” Vers 9.

**Wat Sal Die Aard Wees Van Hierdie Dood?**

“Hulle sal as straf ondergaan ‘n ewige verderf.” 2 Thessalonicense 1:9.

## *DIE TUISTE VAN DIE VERLOSTES*

**Vir Watter Doel Was Die Aarde Geskape?**

:”Want so sê die Here, wat die hemele geskape het—wat die aarde geformeer en dit gemaak het—Hy het dit bevestig, Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word.” Jesaja 45:18.

**Aan Wie Het God Die Aarde Gegee?**

“Die hemele is hemele vir die Here, maar die aarde het Hy aan die mensekinders gegee.” Psalm 115:16.

### DIE BEGIN VAN DIE MILLENNIUM

1. Einde van die sewe laaste plae.
2. Christus se tweede koms.
3. Regverdiges word opgewek.
4. Onregverdiges vergaan, Satan word gebind.
5. Regverdiges vaar na die Hemel op.

### DIE EINDE VAN DIE MILLENNIUM

1. Christus en die Heiliges kom na die aarde toe.
2. Heilige Stad kom na die aarde toe.
3. Onregverdige dooies staan op.
4. Satan word losgemaak.
5. Onregverdiges word vernietig.

Die Millennium is die sluitingsperiode van God se groot week van tyd—‘n groot 1 000 jaar sabbat van rus vir die aarde en God se mense na die ongeveer 6 000 jaar van die menslike geskiedenis.

Dit volg na die sluiting van die evangelie eeu, en kom voor die stigting van God se ewige koninkryk op die aarde.

Dit sluit in, wat die Skrifte so dikwels van praat as “die dag van die Here.”

Op elke einde het dit ‘n grenslyn deur ‘n opstanding.


Die begin word aangedui deur die uitstorting van die sewe laaste plae, die tweede koms van Christus, die opstanding van die regverdige dooies, die bind van die Satan, en die hemelvaart van die Heiliges; en die sluiting, deur neerdaling van die Nuwe Jerusalem, saam met Christus en die heiliges, vanaf die hemel, die opstanding van die onregverdige dooies, die losbind van die Satan, en die finale vernietiging van die bose.

Gedurende die een duisend jaar lê die aarde leeg; Satan en sy engele is beperk tot die aarde, en die heiliges, saam met Christus, sit in die oordeel van die goddeloses, in voorbereiding vir hulle finale straf.

Die onregverdiges word dan opgewek; Satan word vir ‘n klein tydjie losgemaak, en hy en die skare goddeloses omsingel die kamp van die heiliges en die Heilige Stad. Dan val daar vuur uit die hemel van God om hulle te verslind. Die aarde word gereinig deur dieselfde vuur wat die goddelose vernietig. Die aarde, nuutgemaak, word die ewige vesting vir die heiliges.

Die millennium is een van “die eeue wat kom”. Sy sluiting sal die begin van die nuwe aarderyk wees.

# KYK HY KOM




**Vir Watter Doel Is Die Mens Gemaak?**
"U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel." Psalm 8:7.

**Toe Die Mens Sy Heerskappy Verloor Het, Aan Wie Het Hy Dit Oorgegee?**
"Want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword." 2 Petrus 2:19.

Nota—Die mens is deur Satan oorwin in die Tuin Van Eden, en het daar homself en sy besittings oorgegee in die hande van die Gevangenemer.

**Terwyl Satan Christus Versoek Het, Watter Eienaarskap Het Satan Geeis?**
"Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd. En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil." Lukas 4:5-6.

**Hoekom Het Christus Gesê Dat Die Sagmoediges Geseën is?**
"Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe." Mattheus 5:5.

**Wat Is Aan Die Dissipel Johannes In Visioen Gewys?**
"En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie." Openbaring 21:1.

**Hoe Geredelik Sal Hulle Behoeftes Voorsien Word?**
"En voordat hulle roep sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek." Jesaja 65:24.

**Watter Vredevolle Toestand Sal Dan Op Die Aarde Heers?**
"Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie sê die Here." Vers 25.

**Watter Seisoene Van Aanbiddng Sal Ons Op Die Nuwe Aarde Hê?**
"Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die Here, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die Here." Jesaja 66:22-23.

## *DIE NUWE JERUSALEM*

Wat Het Johannes Aangaande Die Stad Gesien?
"En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is." Openbaring 21:2.

Hoeveel fondasies Het Hierdie Stad?
"En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam." Vers 14.

Wat Is Uitgesluit Uit Hierdie Stad?
"En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam." Vers 27.

Wat Sal Deur Die Stad Stroom?
"En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam." Openbaring 22:1.

Wat Staan Aan Beide Kante Van Die Rivier?
"In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies." Vers 2.

Waarvan Sê Johannes Is Die Straat Van Die Stad Gemaak?
"En die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas." Openbaring 21:21.

Waarom Sal Hierdie Stad Nie Die Son Of Maan Nodig Hê Nie?
"En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin." Verse 23-24. Kyk Openbaring 22:5; Jesaja 60:19-20.

"Wie Sal Toegelaat Word Om In Te Gaan?
"Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte ind ie stad." Openbaring 22:14.

**"Die groot stryd is beëindig. Sonde en sondaars bestaan nie meer nie. Die ganse heelal is skoon. Een pols van eensgesindheid en blydskap klop deur die groot skepping. Van Hom wat almal geskape het, vloei lewe en lig en blydskap deur die onbeperkte ruimtes. Van die kleinste atoom tot die grootste wêreld, alle dinge, lewendig en lewenloos, in hulle volmaakte skoonheid en vreugde, verklaar dat God liefde is." Die Groot Stryd, bl. 678**

**Die volgende word ook gratis uitgeleen deur ons Biblioteek:**

- **Die grootstryd / Great controversy**
- **Liefde is van bo / Steps to Christ**
- **Christus en sy geregtigheid**
- **Die boek openbaring se waarskuwing 1-5 Video/DVD**
- **Die onsterflikheid van die siel en spiritisme**
- **Christmas, Easter & Halloween \ Mark of the beast**
- **Christ's object lessons \ Bible readings**
- **Patriarches & Prophets**
- **Vacination Crisis \ Ministry of healing**
- **Natural Remedies Encyclopedia**
- **You Can Quit Tobacco \ International Meat Crisis**
- **Evolution Cruncher**

**Ander Boeke, Videos, Audios, ens beskikbaar teen kos prys.**

**View, Read, or Print Books:** www.sabbathtruth.com www.worldincrisis.org www.earthsfinalwarning.com www.peacefinders.org www.bible-sabbath.com www.evolutionfacts.com

Stuur u kommentaar en versoeke aan:

Printed and distributed by:

**RL Media**
32 Ceres Str, Comptonville, Johannesburg, South Africa
www.rlmedia.co.za
+27(0)836254786